DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

21 Maart 2021

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Johannes 15: 1-17 |
| **Tema** | Sonder Christus is ons kragteloos om vrug te dra. |
| **Sang** | Psalm 145: 1, 2<br>Skrifberyming 15-7: 2, 4<br>Psalm 38: 1, 17<br>Psalm 116: 7, 10 |

Jesus begin hoofstuk 14 met: Moenie onsteld wees nie. Dit nadat Hy vir hulle gesê hulle het dat Hy dieselfde nag verraai gaan word, dat Petrus Hom sal verloën en dat Hy gaan sterf. Nou stap hulle deur die wingerd teen die Olyfberg oppad na Getsemane. En Hy sê dat Hy die wingerstok is en hulle die lote wat vrugte moet dra. Dit is ‘n bekende beeld vir die dissipels. ‘n Goeie wynboer snoei sy wingerd. Daar is lote wat nie-produktief is nie. God tel die loot op en sê: Jy kan vrugbaar wees, maar dan sal Ek eers ‘n paar siek blare moet afsny. En hoewel dit ‘n pynlike proses is, kan ons onder op die grond die sondebevlekte blare sien wat afgesny is. Verwaandheid, eersug, die houding van ek is altyd beter as ander, ek weet altyd meer as ander, ek is altyd reg, swak verhoudings, gevaarlike geleenthede, wraaksug ens. Neem God hierdie proses ligtelik op? Luister na hierdie ernstige woorde: “Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af” - Joh 15:2.

Die woord wat vir sny gebruik word, het in Grieks twee betekenisse het. Die een is “om af te sny” en die ander betekenis is “om op te tel”. Voordat God ‘n loot/tak sonder vrugte afsny, tel of lig Hy dit eers op. Hy verander die tak se posisie sodat dit of meer son kan kry of meer spasie. Druiwe groei nie as hulle op die grond lê nie, maar groei goed wanneer hulle in die lug hang. Daarom sal ‘n goeie boer die loot so drapeer/hang dat dit in die lug is en die meeste son en lug kan kry.

God doen dit met ons lewe. Die pandemie het ons geleer dat niks op aarde vas en seker is nie.

'n Gesin word verplig om onverwags wortels op te trek en na 'n ander dorp te verhuis - gebeur dit miskien omdat God hulle wil leer om weer werklik op Hom te vertrou? Die een wat altyd gesond was, hoor dat 'n groot operasie moet plaasvind - was dit om hom/haar te herinner om op die ware Boer te vertrou? Of iemand se inkomste droog ewe skielik op - is dit God se manier om daardie een van die grond af op te tel en so nader aan Hom te trek? Of: iemand wat ander loop en beskinder word met goeie
getuienis tot verantwoording geroep - wat wil God so iemand daardeur leer?

God het met ons almal 'n plan. Hy is die boer wat die grond voorberei. Hy maak rye en plant die beste wingerdstokke. Hy inspekteer die plante en trek die onkruid uit. En die beste van alles is, God is goed. Hy is die boer wat die meeste omgee vir sy wingerd. En wat vra Hy van ons? Ons is lote aan die wingerdstok en wat is jou persoonlike verhouding met die Here? Wat sou jou antwoord vandag wees? Daarom gee Hy die beste – Sy eie Seun wat vir jou aan 'n vervloekte kruishout hang. Die pad tussen hemel en aarde is oop. Jou pad na die Vader is oop deur die inwerking van God die Heilige Gees wat jou aan Jesus vasgemaak het, sodat die voeding na jou toe kom.

Ons moet daarom in Hom bly. Wie in My bly, dra baie vrugte. En wat meer is, onthou maar altyd ook Jesus se volgende woorde: sonder my kan julle niks doen nie. Ons groeikrag kom uit die ware wingerdstok - Jesus. As Hy nie die Een en al in ons lewe is nie, kan ons nie die vrugte dra wat die Here vra nie. Julle werk is om in My te bly. Ouers bly in die Here, dan sal die kinders ook vrugte dra.

Miskien is ons heeltemal bereid om die regte vrugte te dra, maar op ons manier en op ons tyd. Iets wat nie moontlik is wanneer 'n mens werklik in God bly nie. Want wanneer iemand in God bly ken Hy jou. Dalk hoor jy op hierdie oomblik hoe God se snoeiskêr knip. En dit maak seer.

Soos die druiwe hulle kos van die wingerdstok ontvang, net so moet ons na Jesus draai en daagliks ons geestelike kos en groei van Hom ontvang. Dis tragies dat so baie mense hulle krag sien in finansiële vryheid, dat hulle gerespekteer word in die samelewing, of in hulle kreatiewe vernuftigheid.

Noem maar op. Hoeveel dinge wat jy waardevol ag, het regtig ewigheidswaarde? Dit kan ons dalk vir 'n dag of selfs 'n seisoen voed, maar daar kom 'n tyd wanneer na meer dieper-liggende voedsel gesmag gaan word. En daarvoor het ons die Here en sy ewige voedsel nodig.

Jesus sê: Skep moed. God is puntenerig wanneer dit by sy kinders kom. Maar weet dit: Die eindresultaat sal die beste wees. Dit sal die moeite werd wees. Bowendien: Is jy nie bly dat God dink dat ons Sy aandag en moeite werd is nie? Moenie poog om uit jouself gehoorsaam voor God te lewe nie, jy gaan faal. Ken die Here in al jou weë. Moenie jou kinders net leer wat reg en verkeerd is en wat God wil en nie wil hê nie - wees die voorbeeld en leer jou kind om God te ken en Hom alleen in lewe en in sterwe te vertrou. Leer jou kind dat God vir jou die belangrikste is, en daarom vir hom of haar ook behoort te wees. Dan sal God snoei, aan jou en jou kind, en dan sal ons vrugte dra wat pas by 'n doopbelofte en ons kinders vrugte dra wat pas by gehoorsame kinders wat graag doen wat God vra. Liefde en gehoorsaamheid aan God en aan Hom alleen.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir Hennie Oelofse wie se behandeling gestaak is. Ons bid vir hom en Julie vir leiding vir die pad vorentoe.
* Mag die Here julle deur Sy Gees optel en verder dra.
* Ons bid ook vir Rika Schutte wat besig is met behandeling. Mag die Here jou vashou en dra elke dag.
* Ons dank die Here dat Hy vir tannie Ans van der Walt deur die operasie gelei het. Ons is dankbaar dat daar nie kwaadaardigheid is nie.
* Ons bid vir Marthie Marx wat baie sukkel met haar oog. Ons bid dat die Here jou geloofskrag sal gee om deur alles aan Hom vas te hou.
* Ons bid vir ons broers en susters wat swaar kry en steeds onder die gevolge van die pandemie gebuk gaan. Ons bid saam met julle vir spoedige uitkoms.
* Eredienste op Goeie Vrydag sowel as op Paassondag om 9:30

# KATKISASIE

Kategeet handleiding en werkboeke is nou beskikbaar by die Kerkkantoor vir die ouers om die katkisasie tuis te laat gebeur. Ons doen 'n beroep op al ons ouers om die lesse met die kinders deur te gaan, sodat ons met die lesse kan aangaan sodra ons weer in erediens saam mag kom. Daar is genoeg katkisasieboeke vir die kinders en u kan met Nantes reël om dit by die kerkgebou af te haal. Ds Sarel sal met 2020 se belydenisklas kontak maak om te reël vir persoonlike gesprekke, sodra ons die kerkgebou weer mag gebruik.

# GOEIE VRYDAG EN HEMELVAART DAG

Die kerkraad het besluit dat ons 'n erediens op ***Goeie Vrydag*** 2 April 2021 om 09:30 sal hê asook 'n erediens op ***Hemevaart Dag*** 13 Mei 2021 om 18:00. Onthou om asb vroegtydig plekke te bespreek vir hierdie dienste.

# BYBELSTUDIE 2021

Bybelstudie het weer ***BEGIN*** en die tye is as volg : Dinsdag oggende vanaf 09:30 en Woensdag aande vanaf 18:30, die Bybelstudie sal by die kerkgebou plaasvind en almal word hartlik uitgenooi om by die Bybelstudie groepe aan te sluit.

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld oorwin.

*Johannes 16:33*







# KALENDER





| ***Verjaarsdae*** | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 21 Mrt | Martie Mulder | B | 082 859 0727 |
| Ma 22 Mrt | ***Poppie Potgieter **** | B | 072 288 3323 |
| Di 23 Mrt | ***Annatjie Venter **** | B | 083 399 5592 |
| Wo 24 Mrt | Brendon Krüger | B | 083 383 6199 |
| Do 25 Mrt | Markus Grobler<br>Dries Van Der Walt | D<br>B | 071 885 8928<br>084 503 9434 |
| Vr 26 Mrt | Dewan Boshoff | D | 072 353 1968 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 23 Maart 1996 | Maurice en Chrisna Stander | 25 | 082 448 9198<br>015 295 8820 |
| 24 Maart 2012 | Deon en Elzia Boshoff | 9 | 072 353 1968<br>082 931 7992 |
| 26 Maart 1964 | Hannes en Antoinette Sauermann | 57 | 082 366 5041 |


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES 2020
R -
R 50 000.00
R 100 000.00
R 150 000.00
R 200 000.00
R 250 000.00
JAN
R 124 661.00
R 147 923.92
FEB
R 128 908.63
R 158 569.19
MRT
R 135 141.00
R 171 780.23
APR
R 90 471.00
R 102 439.60
MEI
R 124 521.00
R 134 154.62
JUN
R 128 095.00
R 143 271.33
JUL
R 128 442.63
R 194 868.32
AUG
R 107 461.00
R 154 034.54
SEP
R 103 661.00
R 143 868.21
OKT
R 112 491.00
R 134 396.29
NOV
R 107 985.00
R 143 136.38
DES
R 121 971.00
R 139 648.59
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2020
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
MRT
APR
MEI
JUN
JUL
AUG
SEP
OKT
NOV
DES
R 25 316.90
R 28 901.81
R 14 010.00
R 25 268.03
R 17 390.00
R 33 853.29
R 13 759.73
R 24 997.93
R 19 940.00
R 28 613.31
R 50 480.90
R 33 526.76
R 34 631.00
R 32 647.88
R 26 813.50
R 26 881.12
R 23 526.40
R 19 633.54
R 22 161.60
R 24 856.58
INKOMSTE
UITGAWES


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R 200 000.00
R 180 000.00
R 160 000.00
R 140 000.00
R 120 000.00
R 100 000.00
R 80 000.00
R 60 000.00
R 40 000.00
R 20 000.00
R -
R 90 101.00
R 185 229.13
JAN
DANKOFFERS


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R 30 000.00
R 25 000.00
R 20 000.00
R 15 000.00
R 10 000.00
R 5 000.00
R -
R 9 420.00
R 25 297.05
JAN
INKOMSTE
UITGAWES

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.*

*Johannes 15: 5*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS